15.2 RAPPORT DEPUTATE EKUMENISITEIT : BINNELANDS (Artt 120, 164, 240, 271, 282)

A. Die ondervoorsitter, ds SD Snyman, neem die voorsitterstoel in.
B. Ds PW Kurpershoek lewer die Rapport met verdere toeligting deur dr CJ Smit.
C. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit en Owerheid.
D. **Besluit:** Finansiële sake word verwys na die Kommissie vir Finansies.
E. Prof SJ van der Merwe rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit en Owerheid.
F. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

G. RAPPORT

1. Waarvan Sinode kennis moet neem

Opdrag: Acta, 2006:178-193.

1.1 *Oorkoepelend*

1.1.1 Primêr

1.1.1.1 Voer gesprekke met binnelandse kerk binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid.

1.1.2 Gerig

1.1.2.1 Begin nuwe gesprekke met binnelandse kerke binne die Gereformeerde tradisie binne die raamwerk van ekumeniese kontak, ekumeniese bande en ekumeniese eenheid.

1.1.2.2 Die Sinode gee die benoemde Deputate opdrag om hul gesprekke met binnelandse kerkgemeenskappe met ’n Gereformeerde grondslag voort te sit en die volgende Sinode te adviseer met watter kerkgemeenskappe ekumeniese verhoudinge op ’n vaster basis daargestel behoort te word.

1.2 *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke*

1.2.1 Die GKSA doen aansoek om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Die Sinode stel dit duidelik dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hul onafhanklikheid behou en nie per assosiasie verantwoordelikheid aanvaar vir elke standpunt en handelinge van die SARK nie.

1.2.2 Terselfdertyd beveel die Deputate aan dat Sinode Middellande gevra word om saam met Sinode Potchefstroom aan te sluit by die SARK.

1.2.3 Die Deputate kry opdrag om ernstige en wesenlike punte van verskil aan ons lidmate te kommunikeer.

1.2.4 Die Deputate kry opdrag om die volgende Sinode te adviseer oor die voortsetting van ons lidmaatskap.

1.2.5 Dat die Deputate ’n kort inligtingstuk oor aansluiting by die SARK vir kerkrade beskikbaar stel.

1.3 *Tussenkerklike Raad (TKR)*

1.3.1 Primêr

1.1.3.1 Gaan voort met die gesprek met die gespreksgenote in die Tussenkerklike Raad, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en voer alle opdragte uit soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad.

1.3.2 Gerig

1.3.2.1 Die Sinode spreek die vertroue uit dat die TKR daartoe sal bydra dat die oorhoofse doel van kerklike eenheid uitgebou, beleef en verwesenlik kan word.

1.3.2.2 Die Sinode gee die nuwe Deputate opdrag om die krities-opbouende gesprek voort te sit aan die hand van ’n eietydse vertolking van die Belydenis.

1.3.2.3 Die Sinode keur dit goed dat die GKSA ook deur middel van finansiële steun by die parlementêre lessenaar van die NG Kerk betrokke raak (R10 000 per jaar).

1.3.2.4 Die Sinode gee die te benoemde Deputate opdrag om ’n ooreenkoms (insake die parlementêre lessenaar) met die NG Kerk in werking te stel.

1.3.2.5 Die Sinode gee die te benoemde Deputate opdrag om die moontlikheid van ’n verteenwoordiger by die parlementêre lessenaar te ondersoek.
1.3.2.6 Rig uitnodigings aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika na Sinode 2009.
1.3.2.7 Die Sinode gee die afgevaardigdes na die TKR die opdrag om betrokke te bly by die daarstel van ’n Suid-Afrikaanse gedragskode.

1.4 *Afrikaanse Protestantse Kerk*

1.4.1 Primêr

1.1.4.1 Gaan voort met die gesprek met die Afrikaanse Protestantse Kerk.

1.4.2 Gerig

1.4.2.1 Die Sinode spreek die vertroue uit dat die gesprekke al meer sal bydra tot die uitbou van die eenheid van die kerkgemeenskappe in Christus.
1.4.2.2 Rig uitnodigings aan ... die Afrikaanse Protestantse Kerk na Sinode 2009.

1.5 *Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA)*

1.5.1 Die Deputate kry opdrag om die gesprek om ekumeniese eenheid met die VGKSA voort te sit.
1.5.2 Die gesprek oor hermeneutiek wat die VGKSA met die GKSA verder wil voer, kan op inisiatief van die GKSA saam met die GKN(v), en moontlik ook saam met die NedlGK en die CGKNN, in ’n konferensie voortgesit word met toespitsing op Die Vrou in die Kerk.

1.6 *Konvent vir Reformatoriese Kerke*

1.6.1 Wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

1.7 *Sinodes Soutpansberg en Middellande*

1.7.1 Voer gesprek met die Sinodes Soutpansberg en Middellande soos deur Sinode 2006 bepaal.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.7.1.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 *Samestelling van Deputate*

2.1.1 Dr Johann le Roux is deur Sinode 2006 as voorsitter van die Deputate aangewys, maar het kort voor sy emeritering teruggetree.
2.1.2 Die Deputate het toe onderling vir dr. CJ Smit as voorsitter aangewys en besluit om nie sekundi op te roep nie.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

2.1.3 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Nuwe gesprekke: Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKvSA)*

2.2.1 Gedurende Junie 2007 is ’n eerste, verkennende gesprek met afgevaardigdes van die Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKvSA) gevoer, wat met ’n tweede gesprek in September 2008 opgevolg is.
2.2.2 Die RKSA het vanuit die werk van die Duitse Rynse Sendinggenootskap ontstaan. Nadat die kerkgemeenskap hoofsaaklik as gevolg van finansiële oorwegings by die NG Sendingkerk ingevoeg is, het drie oorspronklik Rynse gemeentes in 1955 hul selfstandigheid teruggekry.
2.2.3 Die CPKvSA het in 1950 van die destydse NG Sendingkerk afgeskei hoofsaaklik vanweë laasgenoemde kerkgemeenskap se ondersteuning en toepassing van die apartheidsbeleid in die omstandighede van daardie tyd.
2.2.4 Beide die CPKvSA en RKSA staan op dieselfde belydenisgrondslag as die GKSA.
2.2.5 Vanweë die kontak wat deur die Konvent van Reformatoriese Kerke met afgevaardigdes van beide hierdie kerkgemeenskappe gemaak is, het ekumeniese gesprekke tot stand gekom.
2.2.6 Aandag is veral aan die onderskeie kerkgemeenskappe se eie etos gegee.

2.2.7 Omdat beide die CPKvSA en die RKSA redelik streeksgesentreerde kerkgemeenskappe is (Wes-, Oos- en Noordkaap, Namibië), behoort groter samewerking en gesprekvoering op streeksvlak tussen die CPKvSA, RKSA en die Klassis/Klassisse van Wes-Kaap, Oos-Kaap, Griekwaland-Wes en Namibië bewerkstellig te word. Die eerste inisiatiewe hiertoe word DV aan die einde van 2008 en die begin van 2009 deur die Deputate geïnisieer.

2.2.8 Op versoek van die CPKvSA is 'n groeteboodskap namens die GKSA deur dr CJ Smit oorgedra ten tye van hul Sinode in Junie 2008.

Besluit: Kennis geneem van 2.2.1 tot 2.2.8.

Aanbevelings

2.2.9 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van hierdie nuwe gesprekke met die CPKvSA en die RKSA.

2.2.10 Die Sinode gee aan die Deputate opdrag om die gesprek verder te voer en uit te brei.

2.2.11 Die Sinode gee aan die Deputate opdrag om die Klassis/Klassisse van Wes-Kaap, Oos-Kaap, Griekwaland-Wes en Namibië behulpsaam te wees in die proses van ekumeniese kontak met die CPKvSA en die RKSA.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.12 Die Sinode begroot vir die GKSA se verantwoordelikhede ten opsigte van die samesprekings.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Nuwe gesprekke met ander binnelandse kerkgemeenskappe binne Gereformeerde tradisie*

2.3.1 Tydens Konvent 2006, 2007 en 2008 is informele gesprekke gevoer met verskeie binnelandse kerkgemeenskappe (vgl 2.10).

2.3.2 Deur die kontak binne die SARK is onder meer ook kennis geneem van en kontak gemaak met afgevaardigdes van die Presbyterian Church of Africa.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.1 tot 2.3.2.

Aanbevelings

2.3.3 Die Deputate kry opdrag om gesprekvoering met binnelandse kerkgemeenskappe wat 'n Gereformeerde grondslag handhaaf, daadwerklik uit te brei.

2.3.4 Die Deputate kry opdrag om steeds ondersoek in te stel hoedat met ten minste alle kerkgemeenskappe wat deel is van die Konvent van Reformatoriese Kerke bilaterale of multilaterale gesprekke gevoer kan word met die oog op die uiteindelike ekumeniese ideaal van kerklike samewerking en eenheid.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke*

2.4.1 <u>Aansoek om lidmaatskap</u>

2.4.1.1 Tydens Sinode 2006 het die beskikbare inligting daarop gedui dat dit nie moontlik sou wees om vir waarnemerstatus aansoek te doen nie, daarom het Sinode 2006 opdrag gegee dat by die SARK om volle lidmaatskap aansoek gedoen moet word.

2.4.1.2 In die begin van 2006 is 'n gedokumenteerde aansoek gerig. Aansoeke word oorweeg op grond van drie kriteria, naamlik:

A Instemming met belydenisgrondslag van SARK soos aangedui in grondwet.

B Landelike teenwoordigheid van kerkgemeenskap.

C Binne-kerklike situasie en verhouding met ander kerkgemeenskappe (veral die vraag of die betrokke kerkgemeenskap nie 'n wegskeur-gemeenskap is nie).

2.4.1.3 Op 18 Julie 2007 is die GKSA as lid aanvaar – maar net met waarnemerstatus. Die motivering hiervoor was dat daar nog onduidelikheid bestaan het oor die verhouding tussen die GKSA en ander kerkgemeenskappe in die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika en in die buiteland.

2.4.1.4 Vanuit die SARK is aangedui dat vir volle lidmaatskap aansoek gedoen sou kon word, maar die Deputate het geoordeel dat dit verstandiger sou wees om eers net as waarnemer aan te bly terwyl die werkinge van die SARK beter leer ken word.

2.4.2 Nasionale Konferensie (Julie 2007)

2.4.2.1 Die Nasionale Konferensie is deur dr CJ Smit, di C Aucamp en PW Kurpershoek bygewoon.

2.4.2.2 Die Nasionale Konferensie is die hoogste besluitnemende vergadering van die SARK en vergader driejaarliks.

2.4.2.3 Tydens die Nasionale Konferensie is ’n proses begin waarvolgens die rol van die SARK opnuut bepaal sou word na aanleiding van die onderskeie kerk-gemeenskappe se verwagtinge. Hiermee is wegbeweeg van ’n werksagenda wat deur die donateurs bepaal is, na ’n agenda wat deur die kerkgemeenskappe bepaal word. Voortaan sal die agenda gerig word op sake wat nie deur die onderskeie kerkgemeenskappe alleen hanteer kan word nie (onder andere gesamentlike teologiese refleksie en deelname aan parlementêre prosesse) tot voordeel van al die betrokke kerkgemeenskappe.

2.4.2.4 Aandag is ook aan verskeie omgewings- en etiese vraagstukke gegee, onder andere klimaatsverandering, die voorkoming van uitbuiting van vroue en kinders, die uitbou van die gesin, die uitbou van etiese sakebeginsels en die bekamping van die VIGS-pandemie.

2.4.2.5 Tydens die Nasionale Konferensie is ook ’n nuwe leierskapstruktuur gevestig, met prof. Tinyiko Maluleke van *The Evangelical Presbyterian Church in South Africa* as die nuwe president.

2.4.3 Nasionale Kerkleiersforum (Januarie 2008)

2.4.3.1 Die Nasionale Kerkleiersforum (hierna die NCLF) is deur ds PW Kurpershoek bygewoon.

2.4.3.2 Die NCLF moet duidelik van die *National **Religious** Leaders’ Forum* (hierna N**R**LF) onderskei word. Waar die NRLF ’n regerings-geïnisieerde ontmoeting van alle geloofsleiers is, is NCLF ’n kerklik-geïnisieerde ontmoeting van Christelike kerkleiers.

2.4.3.3 Die NCLF poog om onderlinge oorleg en konsultasie tussen “leiers” (verteenwoordigers) van soveel as moontlik kerkgemeenskappe in Suid-Afrika te fasiliteer.

2.4.3.4 Daar is indringend gepraat oor die noodsaaklikheid dat die NCLF op ’n kritiese afstand van die NRLF behoort te bly, juis omdat die Christelike kerk duidelik teenoor die owerheid behoort te getuig – los van ander geloofsgroepe. ’n Gesamentlike kommissie is aangewys om die nodige teologiese onderbou vir sodanige gesprekke met die owerheid te verskaf.

2.4.3.5 Aandag is ook gegee aan die gebeure by die Central Methodist Church (op 30 Januarie 2008 toe polisie die kerkgebou ingegaan het), die situasie in Zimbabwe (om hulp onderling te koördineer), geweld en misdaad (spesifiek die moeilike pad om hieroor teenoor owerheid te kan getuig), die politieke situasie in Suid-Afrika (met besondere klem op die verantwoordelikheid om geestelike getuienis te gee – sonder politieke korrektheid – vanuit die Skrif).

2.4.4 Sentrale komitee (Mei 2008)

2.4.4.1 Die vergadering van die Sentrale Komitee is deur ds. PW Kurpershoek bygewoon.

2.4.4.2 Die Sentrale Komitee moet die beleid en programme wat deur die Nasionale Konferensie goedgekeur is, implementeer en oor die dag-tot-dag handelinge van die SARK toesig hou.

2.4.4.3 Tydens die vergadering is ’n eerste rapport oor die funksionering van die SARK behandel. Opmerklik was die fokus op die kerklike karakter van die SARK (met ’n wegbeweeg van kritiese-solidariteit na ’n kritiese gesprek met regering).

2.4.4.4 Verder is heelwat aandag gegee aan die situasie rondom xenofobie (wat toe brandend was), die situasie in Zimbabwe en die situasie in Suid-Afrika op pad na die verkiesing van 2009.

2.4.4.5 Indringende persoonlike gesprek is gevoer met ds Keith Vermeulen – personeellid van die SARK belas met die parlementêre kantoor. Deeglike inligting oor die funksionering van die SARK se parlementêre kantoor is verkry. Daar bestaan by

die SARK ook ’n dringende behoefte aan persone wat teologiese basisdokumente kan daarstel wat as vertrekpunt gebruik kan word in die samestelling van kommentaar en reaksies op wetgewing.

2.4.5 Kommunikasie met GKSA-lidmate

2.4.5.1 Verskeie faktore het veroorsaak dat oor geen saak of standpunt van die SARK met lidmate gekommunikeer is nie. Hierdie faktore sluit onder andere in die lang periode wat dit geneem het om die aansoek om lidmaatskap verwerk te kry (na indiening van die aansoek aan begin van 2006 is die aansoek eers in 2007 hanteer), die proses om die werkinge van die SARK te begin begryp en om kontakte op te bou, asook die onduidelike verhouding tussen die twee Deputaatgroepe (Ekumenisiteit: Binnelands en Ekumenisiteit: Owerheid) wat albei met die SARK te make het.

2.4.5.2 Ten opsigte van die inligtingstuk oor die GKSA se aansluiting by die SARK, het die Deputate geoordeel dat die aansoekproses om lidmaatskap eers afgehandel moet word en dat meer duidelikheid oor die werksaamhede en prosesse van die SARK verkry moet word, alvorens inligting deurgegee kan word.

2.4.6 Evaluering van betrokkenheid

2.4.6.1 Die besluit van Sinode 2006 (2006:190-191, 1.1.11–1.1.13) om aan Deputate die opdrag te gee om aansoek te doen vir lidmaatskap by die SARK het ’n tweeledige fokus gehad, naamlik die uitleef van die onbeperkte ekumeniese roeping van die GKSA en die bevordering van die profetiese roeping van die GKSA.

2.4.6.2 Die betrokkenheid by die SARK gedurende die afgelope twee jaar het gewys dat dit eers nodig is om die funksionering van die SARK deeglik te leer ken, alvorens die volle potensiaal van die SARK benut sal kan word om by te dra tot die uitleef van die GKSA se ekumeniese en profetiese roeping.

2.4.6.3 Die betrokkenheid by die SARK gedurende die afgelope twee jaar het verder gewys dat dit belangrik is om wanneer oor die SARK besin word, die situasie vandag onbevooroordeeld te bekyk en nie die verlede en geskiedenis van die SARK as maatstaf te neem nie. Met die nuwe leierskap van die SARK is daar ’n duidelike soeke na ’n kerklik-gerigte agenda wat gedra word deur prinsipiële teologiese denke wat vanuit die kerkgemeenskappe voortkom.

2.4.6.4 Ten opsigte van die profetiese roeping het deelname aan die SARK-prosesse gedurende hierdie termyn nie soveel gelewer as wat verwag is nie, spesifiek met betrekking tot die fasilitering van die GKSA se gesprek met die owerheid. Die rede hiervoor lê in ’n groot mate by ’n gebrek aan kennis oor hoe die SARK funksioneer, ’n gebrek aan werklike fokus op die prosesse binne die SARK en die gebrekkige samewerking tussen die twee betrokke Deputategroepe. Daar bestaan egter wel heelwat geleenthede wat benut kan word, onder andere 'n bydrae tot die beskikbaarstelling van 'n teologiese onderbou vir kommentaar op wetgewing, asook deelname aan die National Church Leaders Forum.

2.4.6.5 Ten opsigte van die ekumeniese roeping is ervaar dat die SARK wel die geleentheid bied om die onbeperkte ekumeniese roeping van die GKSA (1967:366) uit te leef, veral met die huidige evaluering van die werksaamhede van die SARK (vgl 2.4.2.3 hierbo). In die uitlewing van hierdie roeping gaan dit immers oor die sigbaarmaking van ekumeniese eenheid, asook oor gesamentlike profetiese getuienis vir die waarheid en teen die leuen en samewerking in soverre daar ’n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (1997:176).

2.4.7 Bevinding oor die moontlike voortsetting van betrokkenheid by die SARK

2.4.7.1 By lidmate en kerkrade bestaan heelwat vrae en onsekerheid, asook emosies oor die besluit om vir lidmaatskap by die SARK aansoek te doen. Daarom is dit belangrik om in enige besluitneming rondom lidmaatskap persepsies wat bestaan met die ware situasie te vergelyk en – waar nodig – te korrigeer.

2.4.7.2 In die besluitneming oor lidmaatskap behoort Sinode 1997 (Acta, 1997:176-177, 3.2) se duidelike riglyne oor kontak met ander ekumeniese en kerklike bewegings verreken te word. Hiervolgens omvat die ekumeniese roeping gesprekke oor

sigbare eenwording, profetiese getuienis vir die waarheid en teen die leuen, asook samewerking in soverre daar ’n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word. Verder behoort in elke voorkomende geval geoordeel te word of betrokkenheid by samesprekings sinvol is, terwyl ook die Gereformeerde getuienis deur ’n duidelike Gereformeerde standpunt gestel moet word.

2.4.7.3 Vanuit die evaluering van betrokkenheid (2.4.6 hierbo) is dit duidelik dat kontak met die SARK moontlikhede bied tot die uitleef van die ekumeniese roeping – moontlikhede wat uitgebou moet word.

2.4.7.4 Die noodsaaklikheid om in die werksaamhede van die SARK en in reaksie tot uitsprake van die SARK ’n duidelike Gereformeerde getuienis te bied, staan vas. Deur deeglike betrokkenheid en beplanning kan sodanige getuienis effektief gelewer word - tot uitbouing van die Koninkryk.

2.4.7.5 Terwyl die SARK nie noodwendig volle lidmaatskap vereis om aan dié instelling se werksaamhede deel te neem nie, bied die huidige situasie (met GKSA as waarnemers) 'n goeie geleentheid om die moontlikhede wat die SARK bied, verder te ontgin en te beoordeel.

Besluit: Kennis geneem van 2.4.1 tot 2.4.7.5.

2.4.8 **Aanbevelings**

2.4.8.1 Die optrede van die Deputate waarvolgens nie voortgegaan is met die aansoek vir volle lidmaatskap nie, word goedgekeur.

2.4.8.2 Die optrede van die Deputate deur vanweë die bepaalde omstandighede nie oor lidmaatskap van die SARK met die GKSA-lidmate te kommunikeer nie, word goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

2.4.8.3 Deputate kry opdrag om – in oorleg met die Deputate Ekumenisiteit: Gesprek met Owerheid – profeties krities te getuig by die werksaamhede van die Parlementêre lessenaar en die National Church Leaders Forum.

2.4.8.4 Deputate kry opdrag om ‘n duidelike Gereformeerde getuienis te lewer teenoor die SARK en hulle werksaamhede.

2.4.8.5 Deputate kry opdrag om die volgende Sinode van ’n deeglike evaluering te voorsien aan die hand van die riglyne soos gestel deur Sinode 1997 (Acta, 1997:176-177, 3.2).

2.4.8.6 Die Sinode begroot vir alle relevante koste wat die Deputate moet aangaan vir hulle getuienis teenoor die SARK en hulle evaluering daarvan.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

2.5 *Tussenkerklike Raad (TKR)*

2.5.1 <u>Verloop van gesprek</u>

2.5.1.1 Gedurende hierdie termyn het drie vergaderings van die TKR gerealiseer.

2.5.1.2 Die doel van die TKR is om die eenheid tussen die deelnemende kerkgemeenskappe te belewe en te bevorder en om die totale samewerking tussen die betrokke kerkgemeenskappe hegter te koördineer, te bevorder en uit te bou op pad na die eenheid waarna in opdrag van die Here van die kerk, Jesus Christus gestreef word.

2.5.1.3 Gedurende elke vergadering van die TKR word die geleentheid gegee vir elke kerkgemeenskap om mededelings te doen oor die situasie binne die betrokke kerkgemeenskap. Die waarde hiervan kom na vore in die feit dat dit duidelik is dat elke kerkgemeenskap met dieselfde sake worstel en dieselfde verskeidenheid vertoon. So ontwikkel groter begrip vir elke kerkgemeenskap se binnewerkinge.

2.5.2 *<u>Krities-opbouende gesprek</u>*

2.5.2.1 Die krities-opbouende gesprek het gedurende die afgelope termyn nie veel gefokusde aandag gekry nie.

2.5.2.2 Alhoewel die afspraak steeds is dat gesprek gevoer word aan die hand van ’n eietydse vertolking van die Belydenis, is net op ’n voorlopige wyse aan die pneumatologie aandag gegee.

2.5.2.3 Alhoewel daar aanvanklik begin is om pro-aktief aandag te gee aan die moontlike implikasies van die Belydenis van Belhar vir die verhouding tussen die onderskeie kerkgemeenskappe, het hierdie gesprek nie veel gevorder nie. In die lig van die gebeure binne die NG Kerk is naamlik besluit om die saak eers te laat oorstaan.

2.5.2.4 Aangesien beide die NG Kerk en die NH Kerk besig was met studie oor *homoseksualiteit*, is by twee geleenthede hieroor gesprek gevoer. Die Deputate het die besluit van Sinode 2006 hieroor deurgegee, maar ook deelgeneem aan die gesprekke van die ander twee kerkgemeenskappe. Daar is gepoog om krities-opbouend by die gesprekvoering betrokke te wees, terwyl die twee betrokke kerkgemeenskappe ook gepoog het om 'n gesamentlike pad te loop in die formulering van hul aanbevelings vir hul onderskeie meerdere vergaderings.

2.5.3 <u>Samewerking</u>

2.5.3.1 Die opdrag van die TKR – soos beskryf in die Grondslag van die TKR - is *(o)m kerklike eenheid op grond van dieselfde Belydenisskrifte in Jesus Christus te belewe en te bevorder deur* (onder andere):

(i) kennis te neem van bestaande samewerkingsterreine en 'n geheelbeeld daarvan aan die saamwerkende kerkgemeenskappe te gee;

(ii) nuwe samewerkingsterreine tussen die saamwerkende kerkgemeenskappe te identifiseer, te koördineer, en met verantwoording aan die onderskeie mandaatgewers uit te bou;

2.5.3.2 Al die subgroepe vir samewerking (onder andere vir barmhartigheid, onderwys, buitelandse bediening, liturgiese formuliere en hervertaling van die belydenis) het deur die afgelope drie jaar nog nie die vlak van samewerking bereik wat as ideaal gestel is nie. Daar is egter verskeie aktiwiteite wat nog in die een of ander vorm van ontwikkeling geïnisieer word.

2.5.3.3 Gedurende Maart 2008 is spesifiek aandag gegee aan die noodsaaklikheid daarvan om samewerking uit te bou. 'n Spesifieke kommissie is aangewys om die saak te bevorder deur die onderskeie komitees aan die werk te kry en sover moontlik ook die werkswyse van elke komitee skriftelik vas te stel.

2.5.3.4 Op die gebied van die diens van barmhartigheid werk die drie kerklike gemeenskappe saam in die Tussenkommissie vir Barmhartigheid. Hierdie kommissie het die opdrag gekry om veral die samewerking op plaaslike vlak te stimuleer en vanuit hierdie samewerking op plaaslike vlak 'n generiese model te ontwikkel wat in alle gemeenskappe gebruik kan word.

2.5.3.5 Samewerking op die gebied van onderwys het altyd via die Interkerklike Kommissie vir Onderwys en opvoeding (IKOO) plaasgevind. Die IKOO het egter gedurende 2007 ophou bestaan en 'n komitee vir onderwys, jeug en kategese is in die lewe geroep.

2.5.3.6 Gedurende 2006 is gerapporteer dat oorweging geskenk word aan die moontlikheid om streeksamekomste van al die predikante van die drie kerkgemeenskappe te reël om gesamentlik te besin oor *Ons roeping as (Afrikaanse) Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Hierdie byeenkomste het nie van die grond gekom nie en tans word besin oor die sinvolheid en haalbaarheid daarvan.

2.5.3.7 'n Versoek is vanaf die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontvang om 'n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens hul Algemene kerkvergadering van September 2007. Die Deputate het dr CJ Smit afgevaardig om dit te doen.

2.5.3.8 'n Versoek is vanaf die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontvang om 'n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens die Algemene Sinode van die NG Kerk in Junie 2007. Die Deputate het ds PW Kurpershoek afgevaardig om dit te doen.

2.5.3.9 Die Administratiewe Buro is op 18 Maart 2008 versoek om die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika na Sinode 2009 uit te nooi om groeteboodskappe oor te bring.

2.5.4 Parlementêre lessenaar

2.5.4.1 Die samewerking met die Parlementêre Lessenaar van die NG Kerk het nog nie goed op dreef gekom nie. Vanuit die geledere van die TKR is die betrokkenes van die NG Kerk versoek om ’n verslag op te stel oor die huidige werksaamhede van die Parlementêre Lessenaar, die koste daarvan, asook moontlike toekomstige scenario’s in verband met die Parlementêre Lessenaar. Daar is nog nie 'n vaste ooreenkoms bereik nie.

2.5.4.2 Die Deputate Ekumeniese Sake: Gesprek met die Owerheid rapporteer verder oor hierdie saak.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.1 tot 2.5.4.2.

Aanbeveling

(a) Om in gesprek te tree met drr Kobus Gerber en Ben du Toit om al die probleme rondom die effektiewe funksionering met betrekking tot die Parlementêre lessenaar uit te klaar.

(b) Die Deputate kry ’n mandaat om van die Parlementêre lessenaar te onttrek indien die probleme nie uitgesorteer kan word nie (kyk 15.1 – Rapport Deputate Ekumenisiteit: Owerheid).

Besluit: Goedgekeur.

2.5.5 Openbare getuienis

2.5.5.1 Die proses om openbare getuienis oor relevante sake vanuit die TKR te ontwikkel, het in April 2008 gestalte verkry deur 'n gesamentlike getuienis aan die owerheid te rig. Hierin is die owerheid opgeroep om wet en orde te herstel, hulle is ook verseker van die voorbidding vanuit die kerke en die lidmate. Medeburgers van SA is opgeroep om hul vertroue op Here te plaas.

2.5.5.2 'n Ideëberaad is in Maart 2008 gehou waarop onder meer ook aan hierdie aspek aandag gegee is. Daar is besluit om indringend te kyk na ’n sinvolle metode van gesamentlike openbare getuienis.

2.5.5.3 Vanuit die TKR is gepoog om ’n voorlopige gedragskode saam te stel wat kan bydra tot die nasionale gesprek oor morele waardes. Prof Amie van Wyk is hierby betrek en ’n voorlopige bydrae is aan die *Moral Regeneration Movement* beskikbaar gestel. Verder is prof Van Wyk (saam met dr Kobus Gerber) versoek om die TKR by die genoemde beweging te verteenwoordig.

2.5.6 Toekoms van gesprek

2.5.6.1 Op die genoemde Ideëberaad in Maart 2008 is ook aandag gegee aan die effektiwiteit van die TKR, die pad vorentoe en die sigbaarmaking van die eenheid tussen die kerkgemeenskappe.

2.5.6.2 Om verdere gevolg te gee aan die roeping tot kerklike eenheid is ook besluit dat kerkgemeenskappe bilateraal gaan vergader om verskille wat mag bestaan verder uit te klaar en om positiewe vlakke van samewerking te formuleer.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.1 tot 2.5.6.2.

2.5.7 **Aanbevelings**

2.5.7.1 Die Sinode keur die bogenoemde optredes van die Deputate goed.

2.5.7.2 Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat gedoen word ter wille van kerklike eenheid en die indringende gesprekke wat teen die agtergrond daarvan plaasvind.

2.5.7.3 Die Sinode begroot vir alle relevante koste wat die Deputate moet aangaan vir hul werksaamhede as deel van die TKR.

Besluit: Goedgekeur.

2.6 *Bilaterale gesprek met NH Kerk*

2.6.1 Gedurende April 2008 is ’n bilaterale gesprek met afgevaardigdes van die NH Kerk gevoer. Indringende aandag is gegee aan beide kerkgemeenskappe se verstaan van eenheid en eenwording.

2.6.2 Uit die gesprek het dit duidelik geword dat gekyk moet word na verskille in Skrif- en kerkbeskouing wat in vroeëre gesprekke geïdentifiseer is, om die geldigheid, waarde, en gewig van die verskille te bepaal.

2.6.3 In die gesprek is ook ooreengekom om te kyk na moontlike modelle van eenwording wat nie bestaande strukture ophef nie, maar wel groter gestalte gee aan eenheid en wat so akkommoderend as moontlik is in proses tot eenwording.

2.6.4 In die gesprek het dit duidelik geword dat daar ‘n persepsie in die NH Kerk bestaan dat gereformeerde kansels in alle gevalle verbode is vir predikante vanuit die NH Kerk – volgens vorige besluite van die GKSA. Die Deputate het op die misverstand van hierdie persepsie gewys deur te beklemtoon dat die bevoegdheid en toesig op oor ‘n gemeente se kansel die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad is.

Besluit: Kennis geneem van 2.6.1 tot 2.6.4.

Aanbeveling

2.6.5 Die Sinode neem kennis van hierdie gesprek.

2.6.6 Die Sinode keur die Deputate se optrede in 2.6.4 goed

Besluit: Goedgekeur.

2.7 *Bilaterale gesprek met NG Kerk*

2.7.1 ‘n Bilaterale gesprek met afgevaardigdes van die NG Kerk kon nog nie plaasvind nie, maar word vir 2009 beplan.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

2.7.2 Die Sinode neem hiervan kennis.

Besluit: Goedgekeur.

2.8 *Afrikaanse Protestantse Kerk*

2.8.1 'n Bilaterale gesprek met die AP Kerk het op 17 Oktober 2008 plaasgevind.

2.8.2 Tydens hierdie gesprek is verken hoe samewerking uitgebou kan word. Van die kant van die AP Kerk is spesifiek begrip gevra vir die huiwering wat bestaan ten opsigte van die strewe na eenheid, aangesien die vraag veral by lidmate bestaan in watter mate die soeke na eenheid werklik Bybels begrond is.

2.8.3 Gesprek is gevoer oor die liturgie en daar is gekonstateer dat geen wesenlike verskille bestaan nie.

2.8.4 Aandag is gegee aan die hantering van die 1936-Beryming van die Psalms en verskillende hersienings wat plaasvind en gebruik word. Ten einde die literêre kwaliteit en voortgesette kwaliteit van die 1936-teks nie te skaad nie en ook om te verseker dat so ver moontlik dieselfde hersiening van die Totius-teks in die onderskeie Afrikaanse kerkgemeenskappe gebruik word, is gestel dat enige verdere hersiening van die Totius-teks in onderlinge oorlegpleging gedoen moet word met al die kerkgemeenskappe wat hierdie teks nog gebruik.

2.8.5 Op versoek van die AP Kerk is ‘n groeteboodskap namens die GKSA deur ds PW Kurpershoek oorgedra ten tye van hul Sinode in September 2007.

2.8.6 Die Administratiewe Buro is op 18 Maart 2008 versoek om die AP Kerk na Sinode 2009 uit te nooi en om ‘n groeteboodskap te bring.

Besluit: Kennis geneem van 2.8.1 tot 2.8.6.

Aanbevelings

2.8.7 Die Sinode moedig 'n meer effektiewe verloop van die gesprekvoering aan.

Besluit: Goedgekeur.

2.8.8 Die Sinode gee aan die betrokke Deputate wat vir die hersiening van die Totius-teks verantwoordelik is, opdrag om alle Afrikaanse kerkgemeenskappe wat die Totius-teks gebruik, in kennis te stel van moontlike wysiginge soos deur die Sinode goedgekeur ten einde te poog om uiteindelik 'n eensluidende teks daar te stel.

Besluit: Goedgekeur. Die besluit van die Sinode oor die wysigings van die Totius-teks, moet deur die Deputate vir korrespondensie aan die APK deurgegee word, asook aan ander kerke in SA.

2.8.9 Die Sinode begroot vir die Deputate se verantwoordelikhede ten opsigte van die jaarlikse samesprekings.

Besluit: Goedgekeur.

2.9 *Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA)*

2.9.1 Drie gesprekke het gedurende die afgelope termyn plaasgevind. In die verlede is ekumeniese betrekkinge met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) via die Deputate Ekumenisiteit: Buitelands hanteer, juis as gevolg van die susterkerkrelasie tussen die VGKSA en die GKN(v) in Nederland. Vanaf die kant van die VGKSA het egter die versoek gekom dat gesprekvoering met die Deputate Ekumenisiteit: Binnelands moet plaasvind, wat dan ook gedurende hierdie termyn begin realiseer het.

2.9.2 Die vraag oor hoe die onderskeie kerkgemeenskappe mekaar sien, is indringend behandel. Daar is ook ooreengekom om die gesprekvoering so te hanteer dat doelgerig nader na mekaar beweeg sal word.

2.9.3 Die verhouding van die GKSA met die NGK en NHK, en hoe dit die VGKSA raak, is indringend behandel. Die GKSA se Skriftuurlike verbintenis tot die sigbaarmaking van ekumeniese eenheid, en sy solidêr-kritiese benadering van ander kerkgemeenskappe is indringend bespreek.

2.9.4 Gesprek is gevoer oor moontlike samewerking op die pad na eenheid. Klem is gelê op die noodsaaklikheid daarvan dat plaaslike gemeentes mekaar leer ken en vertrou. Daarom is ook besluit dat plaaslike gemeentes en die betrokke Klassisse versoek word en begelei sal word om daadwerklik by mekaar betrokke te raak in die proses van kerklike eenheid.

2.9.5 Op versoek van die VGKSA is ‘n groeteboodskap namens die GKSA deur prof Callie Coetzee oorgedra ten tye van hul Sinode in Mei 2008.

Besluit: Kennis geneem van 2.9.1 tot 2.9.5.

Aanbevelings

2.9.6 Die Deputate kry opdrag om voort te gaan met die gesprekvoering.

2.9.7 Die Deputate kry opdrag om die gemeentes en Klassisse in die omgewing van VGKSA-Kerke te begelei om daadwerklik by mekaar betrokke te raak.

Besluit: Goedgekeur.

2.9.8 Die Sinode begroot vir die GKSA se verantwoordelikhede ten opsigte van die samesprekings.

Besluit: Goedgekeur.

2.10 *Konvent vir Reformatoriese Kerke*

2.10.1 Soos die afgelope tien jaar, het die Konvent jaarliks deur die laaste drie jaar vergader. Weereens is die seën van die Here kennelik in hierdie ekumenies-reformatoriese beweging in Suider-Afrika deur die afgelope drie jaar ervaar. Hier word oorsigtelik op elkeen van die afgelope drie jaar se Konvent-byeenkomste gewys.

2.10.2 <u>Konvent 2006</u>

2.10.2.1 In 2006 is die Konvent deur die NHKA in Kemptonpark aangebied.

2.10.2.2 Afgevaardigdes van tien deelnemende kerkgemeenskappe was teenwoordig. Die tema was *Brandpunte in die Onderwys – 'n reformatoriese perspektief.* Inleiers van besprekingspunte het ingesluit: proff Lawrence Schlemmer, Izak Oosthuizen, drr Theuns Eloff, Huw Davies, Pierre Edwards en mnr Paul Colditz. Hierbenewens was daar ook 'n paneelbespreking saamgestel uit bevoegde persone van die owerheidsektor van die onderwys.

2.10.2.3 Die besluite wat geneem is, was onder meer oor dissipline in skole, frustrasie van skoolhoofde en onderwysers met die uitvoerbaarheid van onderwysbeleide, ouerbetrokkenheid by die onderwys en beheerrade in die besonder, 'n transformasiefilosofie vir die tersiêre onderwys en sensitiwiteit met die implementering van HIV-Vigs programme by skole.

2.10.2.4 Die besluite is wyd in die pers gerapporteer en ook, waar moontlik, met die betrokke onderwysowerhede opgeneem.

2.10.2.5 Vir Sondag 23 Julie 2006 is kerkgemeenskappe tot 'n landwye Dag van Verootmoediging vanweë die misdaad en geweld in die land opgeroep.

2.10.2.6 Die Konvent het ook landwyd ouers van dié kerke opgeroep om deel te neem aan die verkiesing van skoolbeheerliggame.

2.10.3 Konvent 2007

2.10.3.1 In 2007 is die Konvent deur die Calvyn Protestantse Kerk van SA en die Rynse Kerk in Athlone aangebied.

2.10.3.2 Afgevaardigdes van tien deelnemende kerkgemeenskappe was teenwoordig. Die tema was *Kerkeenheid*. Inleiers was proff Dries du Plooy, Piet Strauss en Hannes Adonis. Daar het ook 'n paneelbespreking plaasgevind.

2.10.3.3 Die Konvent het dit goedgekeur dat die ledegeld van kerkgemeenskappe (vir die eerste keer in nege jaar) hersien en vasgestel word op 10 sent per belydende lidmaat tot op 'n totale bedrag van R1 500 per jaar.

2.10.3.4 Daar is ook besluit dat deelnemende kerkgemeenskappe voortaan elkeen deur hoogstens tien in plaas van vyf afgevaardigdes verteenwoordig sal word. Geen beperking word op die getal waarnemers geplaas nie.

2.10.3.5 Met dank is kennis geneem dat dr Nico Vorster (Bultfontein) ingewillig het om as Redakteur van die Konvent se Internetblad, inter.con, op te tree en dat die tegniese versorging steeds deur ds Etienne Fourie hanteer sal word.

2.10.3.6 Die kernbesluit wat deur die Konvent tydens hierdie byeenkoms geneem is, is om hom voortgaande te beywer vir kerkeenheid op grond van die Skrifeis. Dit beteken dat die Konvent uitbreidende kerklike gesprekke oor eenheid onder deelnemende kerke aanmoedig. Weereens het die Konvent sy diep besorgdheid uitgespreek oor die vlak van misdaad en geweld in ons land, wat ten spyte van talle vergaderings, verklarings, en voornemens van die regering, steeds onaanvaarbaar hoog is.

2.10.4 Konvent 2008

2.10.4.1 In 2008 is die tiende Konvent deur die GKSA by die Elgro River Lodge (Vaalrivier) aangebied.

2.10.4.2 Die tema was *Sigbaarmaking van kerkeenheid*. Die Skriftuurlike eis van die sigbaarmaking van kerkeenheid is uit die hand van prof Dries du Plooy (wat vanweë 'n knie-operasie afwesig was) voorgehou. Hierna is die volgende modelle van kerkeenheid voorgehou: Model van die NG Kerkfamilie: prof Piet Strauss; die PKN-Model; dr Kobus Gerber: Model van die CPK en die RKSA: di Ronald Armstrong en Tommy Solomons; Model van die Hervormde Kerkfamilie: dr Gafie van Wyk; Die GKSA-Model: prof Callie Coetzee; Die United Congregational-Model: Rev OG Kelokihwe. Hierna is 'n paneelbespreking olv dr CJ Smit gehou oor die sigbaarmaking van kerkeenheid.

2.10.4.3 Op hierdie Konvent is 'n bundel met die voorafgaande tien jaar se geskiedenis van die Konvent, besluite en referate wat gelewer is, in ontvangs geneem. Afgevaardigdes van agt deelnemende kerkgemeenskappe was teenwoordig – drie het verskonings aangebied.

2.10.4.4 Die Konvent spreek sy dankbaarheid uit teenoor die Drie-enige God, dat kerkeenheid op verskillende maniere oor die afgelope jare toenemend gestalte gekry het deurdat lidkerke nader aan mekaar begin beweeg het en met bilaterale gesprekke oor eenheid begin het. Hierdie bilaterale gesprekke sluit in gesprekke tussen die Calvyn Protestantse Kerk en die Rynse Kerk van Suid-Afrika, tussen die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika en die Calvyn Protestantse Kerk asook die Rynse Kerk in Suid-Afrika, en tussen die Calvyn Protestantse Kerke en die NG Kerk.

2.10.4.5 Die Konvent moedig die onderskeie kerke aan om op ’n gestruktureerde wyse aandag te gee aan kerklike eenheid en sal poog om tydens die jaarlikse byeenkoms van die Konvent die gesprek oor eenheid lewend te hou.

2.10.4.6 Die Konvent beywer hom daarvoor om meer kerke vanuit die reformatoriese tradisie by die Konvent te betrek, met besondere fokus op kerke vanuit die Presbiteriaanse en Lutherse tradisies.

2.10.4.7 Die Konvent aanvaar dat kerklike eenheid ’n proses is waarvan die uitkoms nie in besonderhede voorsien kan word nie. Die Konvent is egter oortuig dat so ’n proses

in geloof aangepak moet word. Die Konvent aanvaar dat kerklike eenheid nie afgedwing kan word nie, maar dat dit ’n inklusiewe proses veronderstel wat lidmate en gemeentes betrek.

2.10.4.8 Die Konvent oordeel dat die burgers van Suid-Afrika nie net regte het nie, maar ook verantwoordelikhede. Daarom ondersteun die Konvent die gedagte van ’n wet wat die verantwoordelikhede van burgers van Suid-Afrika beklemtoon, soos voorgestel in die Handves van Verantwoordelikhede (Bill of Responsibilities).

2.10.4.9 Die Konvent steun ook die kerklike proses om ’n Handves van Godsdiens Regte tot stand te bring en neem daaraan deel. Daar word met dank kennis geneem dat ‘n konsep reeds versprei is aan die kerkgemeenskappe in Suid-Afrika om kommentaar te lewer.

2.10.4.10 Die Konvent ondersteun die Religious Leaders Forum se gesprekke met die regering om die impasse rondom die bekamping van misdaad te oorkom.

2.10.5 Konvent 2009

2.10.5.1 Die Elfde Konvent word op 1-4 Maart 2009 deur die NGK in Pretoria aangebied. Die geboorte van Johannes Calvyn in 1509 sal herdenk word. By hierdie Konvent sal gefokus word op Calvyn se denke oor kerkeenheid. Daar sal ook in die besonder klem gelê word op die raakvlakke van die Gereformeerde en Hervormde tradisies met die van die Lutherse tradisie. Die gespreksgenoot hiertoe sal die Lutherse Kerk wees.

2.10.5.2 'n Teologies-wetenskaplike publikasie word beplan om in 2009 te verskyn. Dit is die enigste amptelike Calvyn-publikasie wat deur die betrokke kerk-gemeenskappe oor die 500ste herdenking van Calvyn se geboortedag beplan word.

2.10.5.3 Daar word 'n hernieude aksie geloods om die aantal deelnemende kerkgemeenskappe aan die Konvent daadwerklik uit te brei. Hierdie opdrag word aan drr Kobus Gerber en Wim Dreyer gegee in oorleg met die Algemene Sekretaris, dr Neels Smit. Alle kerkgemeenskappe vanuit die reformatoriese tradisie (uit die gereformeerde én die Lutherse tradisie) word vir deelname aan die Konvent voorgestel.

2.10.5.4 Sonder die kerke se voorbidding en daadwerklike ondersteuning kan die Konvent nie die opdrag tot die sigbaarmaking van kerkeenheid uitvoer nie. Mét hierdie voorbidding en ondersteuning gaan die Konvent 'n beduidende en daadkragtige ekumeniese beweging in Suider-Afrika word!

Besluit: Kennis geneem van 2.10.1 tot 2.10.5.4.

Aanbeveling

2.10.6 Die Sinode neem met dank kennis van die ekumeniese betrokkenheid wat via die Konvent ontwikkel en uitgebou word.

Besluit: Goedgekeur.

2.10.7 Die Sinode begroot vir die GKSA se jaarlikse finansiële verpligting as deelnemende kerkgemeenskap.

Besluit: Goedgekeur.

2.11 *Sinodes Soutpansberg en Middellande*

2.11.1 Sinode 2006 het Deputate kragtens KO, art 48 aangewys om die gesprek met Sinodes Soutpansberg en Middellande af te handel. Alhoewel die Deputate vir Ekumenisiteit: Binnelands ook die opdrag gekry het om met die twee Sinodes gesprek te voer, is aanvaar dat die opdrag by die *Deputate KO, artikel 48* tuishoort – vanweë bepaalde verpligtinge wat hierdie Deputate in dié verband ontvang het.

2.11.2 Die *Deputate KO, artikel 48* is skriftelik van hierdie uitgangspunt van die Deputate vir Ekumenisiteit: Binnelands in kennis gestel ten einde verwarring te voorkom.

2.11.3 Hierdie Deputate rapporteer dus nie oor hierdie saak nie.

Besluit: Kennis geneem van 2.11.1 tot 2.11.3.

Aanbeveling

2.11.4 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

3. Samestelling van Deputate

3.1 Die omvang van die Deputate se taak om te sorg dat kerklike gesprekke gekonstrueerd binne die ekumeniese opdrag uitgevoer word, vereis dat minstens 12 Deputate aangewys behoort te word (insluitend die Adviseurs wat as volle lede betrek word), wat dan in lessenaars verdeel kan word.

Besluit: Kennis geneem.

4. Opdragte aan te benoemde Deputate

Die Sinode wys Deputate aan met die volgende opdrag:

4.1 Die Deputate voer gesprekke met binnelandse kerkgemeenskappe binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid.

4.2 Die Deputate begin nuwe gesprekke met binnelandse kerke binne die Gereformeerde tradisie binne die raamwerk van *ekumeniese kontak*, en sit reeds gekonstrueerde gesprekke voort binne die raamwerk van *ekumeniese bande* met die oog op *ekumeniese eenheid*.

4.3 Die Deputate gaan voort met deelname aan die Tussenkerklike Raad, waaronder gesprekvoering met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en voer alle opdragte uit soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad.

4.4 Die Deputate gaan voort met gesprekvoering met die Afrikaanse Protestantse Kerk.

4.5 Die Deputate gaan voort met die gesprek met die Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKvSA).

4.6 Die Deputate gaan voort met gesprekvoering met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

4.7 Die Deputate wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

Besluit: Punt 4.1 tot 4.7 word goedgekeur.

4.8 Die Deputate wys afgevaardigdes aan na die SARK se onderskeie vergaderings.

Besluit: Nie goedgekeur nie.

4.9 Die Deputate rig uitnodigings aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Rynse Kerk in Suid-Afrika, die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na Sinode 2012.

4.10 Die Deputate kry as verdere opdragte al die tersaaklike goedgekeurde aanbevelings in hierdie Rapport.

4.11 Die Deputate maak ‘n opname van ekumeniese bande wat onderhou word deur plaaslike kerke, op plaaslike vlak.

Besluit: Punt 4.9 tot 4.11 word goedgekeur.